Konsert 'n komplekse 'reis'

JANNIE DU TOIT vier sy 40 jaar van passie vir Afrikaanse musiek met 'n landswye konserttoer wat reeds die halfpadmerk uiters suksesvol verby is. Die laaste klompie konserte vir hierdie jaar vind van 25 November tot 14 Desember plaas – onder meer by 'n paar gewilde vakansiebestemmings.

Met 'n kombinasie van humor, erns en nostalgie neem *Onderweg* die gehoor op 'n musiekreis met liedjies in verskillende tale geskryf deur onder andere Brel, Brecht en Koos du Plessis – natuurlik ook van Jannie se eie liedjies en dié wat hy saam met Christa Steyn geskryf het.

Die inhoud wissel van spottery oor onderwerpe soos die ouderdom en Afrikaanse liedjies tot by ernstige nadenke en stemmingsvolle werk.

Die teks vir *Onderweg* is geskryf deur bobaasverteller PG du Plessis en die regie is waargeneem deur Emma Bekker. Saam met Jannie op die verhoog is Clinton Zerf (klavier) en 'n tjellis; Susan Mouton of Arend Brink – na gelang van hulle beskikbaarheid.



JANNIE DU TOIT

'n Laserskyfstel bestaande uit 'n dubbel-CD en DVD, asook 'n koffietafelboek oor Jannie se musiekstorie en die pad van die Afrikaanse luisterlied, word by die konserte te koop aangebied en is beskikbaar by www.africansunmedia.co.za.

Onderweg se konserte is toeganklik vir liggaamlik gestremdes deurdat die program ook in braille gedruk is en ses van die konserte deur 'n rewolusionêre lus-stelsel vir dowes toeganklik gemaak word.

Kaartjies vir die vertoning op 2 Desember in die Wynand Mouton-teater op die Kovsiekampus is by Computicket beskikbaar.

Navrae: 012-329-0709 of 072-460-5568 of info@pierneeftea-ter.co.za